Met die Naam van Allah, die Alomgenadige, die Genadigste.

1. Die afrekening van die mensdom het naby aan hulle gekom terwyl hulle agterlosig is en hulleself nie aan boodskappe en bewyse steur nie.

2. Daar is nie ‘n nuwe boodskap wat na hulle toe kom vanaf hulle Skepper, Voorsiener en Onderhouer nie, waaraan hulle aandag skenk nie, maar hulle gaan voort met hulle speletjies,

3. terwyl hulle harte nie daarop ag slaan nie. En die sondaars fluister in die geheim: “Hierdie kamstige boodskapper is niks anders nie as net ‘n gewone mens soos jy. Wil jy dan nou meegesleur raak deur die towery terwyl jy oë het om vir jouself te sien?”

4. Die boodskapper het gesê: “My Skepper, Voorsiener en Onderhouer weet van alles wat gepraat word in die hemele en op die aarde: Hy is die Alhorende, die Alwetende.”

5. Verder het hulle gesê: “Die Koran is ‘n mengsel van towerkuns, leuens en geestelik versteurde drome: die waarheid is dat die boodskapper dit gefabriseer het en dat hy ‘n digter en prosaskrywer is. So, as hy wil hê dat ons hom moet glo, laat hy ‘n bewys bring soos waarmee die vroeëre boodskapper gestuur was.”

6. Nie ‘n enkele stad wat Ons vernietig het, voor hulle, het geglo nie. So, sal hulle dan glo?

7. En Ons het geen boodskapper voor jou gestuur behalwe vir manne wat Ons met openbaring geïnspireer het nie. So, vra vir mense wat die kennis het na die Boodskap indien jy nie weet nie.

8. En Ons het hulle nie as liggame gemaak wat nie kos eet nie, en hulle was ook nie onsterflik nie.

9. Toe het Ons die belofte aan hulle bewaarheid, en hulle en diegene wie Ons wou, gered, en die oortreders vernietig.

10. Waarlik, Ons het aan julle, die Arabiere,die Koran geopenbaar*, wat aan julle eer, uitnemendheid en bekendheid meegebring het. Verstaan julle nie die impak daarvan nie, en wil julle nie die meegaande verantwoordelikhede daarvan aanvaar** nie? (*K38:1, **K43:44)

11. En hoeveel stede waarvan die inwoners sonde gedoen het, het Ons nie vermorsel nie, en waarin Ons daarna ‘n nuwe volk na hulle laat ontstaan het nie.

12. So, toe hulle Ons straf begin ervaar, waarteen hulle Boodskapper hulle gewaarsku het, het hulle ewe skielik daarvan begin vlug.

13. Moenie nou wil vlug nie: gaan terug na julle luukshede en julle luukse lewenswyse en na julle huise. Miskien word julle vrae gevra oor of julle Allah bedank het vir dit wat julle gehad het.

14. Toe het hulle gesê: “Arme ons! Ons was voorwaar oortreders.”

15. So het hulle aanhou skreeu totdat Ons hulle soos die stoppels van ‘n geoeste land waar die graan weggeneem is, laat agterbly, daar is niks oor nie.

Die hemel en aarde nie geskape vir Allah se vermaak of om ‘n vrou en kinders te hê nie

16. Ons het nie die hemele en die aarde en wat daartussen is geskape sommer so vir speletjies nie en om Onsself te vermaak nie. (K38:27)

17. Indien Ons bedoeling was om met die skepping ‘n tydverdryf te hê, deur vir Onsself ‘n vrou en kinders te skape, kon Ons, Onsself vermaak het met dit wat om Ons is, indien Ons so wou: Ons hoef dus nie die die hemele en die aarde te geskape het nie.

18. In plaas daarvan loods Ons egter die waarheid teen dit wat vals is, wat die valsheid vernietig en dit vinnig tot niks maak. So baie jammer vir julle vir die onwaarhede wat julle oorvertel.

19. Aan Hom behoort almal in die hemele en op die aarde. En diegene wat na aan Hom is, is nie so verwaand dat hulle Hom nie wil aanbid nie en hulle is ook nie traag om dit te doen nie.

20. Hulle verklaar en verkondig Sy reinheid nag en dag, sonder om ooit te verslap.

21. Of het die Veelgodedienaars vir hulleself as gode van die skepsels wat op die aarde is gemaak, wat geen mag oor lewe en dood het nie?

Een God is 'n voorvereiste vir orde in die hemele en op die aarde

22. Indien daar gode in die hemele en op die aarde was, anders as Allah, sou die hemele en die aarde in wanorde verval het. Allah is egter rein, die Skepper, Voorsiener en Onderhouer en nie besmet deur dit wat hulle aan Allah toeskryf nie.

23. Allah hoef aan niemand verantwoording te doen nie oor wat Hy doen nie, terwyl die skepsels wat deur die Veelgodedienaars as gode aanbid word, aan Allah verantwoording moet doen.

24. Of aanbid hulle gode naas Allah? Sê vir diegene wat dit doen: "Bring julle bewyse" Dit is die Boodskap vir diegene saam met my en en dit was die Boodskap vir diegene voor my: nie die Koran of die ouer geskrifte soos die Wet en die Evangelie bevat enige bevele dat enigiets anders of enigiemand anders as Allah aanbid moet word nie. En tog weet meeste van hulle nie wat die waarheid is nie en is daarom gekant daarteen.

25. Mohammed, en Ons het voor jou nie een boodskapper gestuur alvorens Ons aan Hom openbaar het dat daar nie 'n ander God as Ek is nie: so aanbid My.

26. Die Veelgodedienaars het gesê: "Die Alomgenadige het vir Homself 'n seun verwek. Eer en heerlikheid aan Allah: rein is Hy! Diegene waarvan hulle so praat is slegs maar diensknegte van Allah wat Hy vereer het deur hulle as boodskappers te gebruik."

Die Afgodedienaars van Mekka het beweer dat die engele Allah se dogters is en by implikasie: gode

27. Die engele praat nie alvorens Allah nie gepraat het nie en tree slegs op, op Sy bevel.

28. Hy weet wat voor hulle is en wat agter hulle is en hulle maak geen aanbevelings anders as dit waarvan Hy hou nie, en in verwondering oor Hom het hulle 'n heilige ontsag en respek vir Allah.

29. Wie van die engele ook al sê: "Ek is god naas Allah," is die een wat Ons met die Hel sal vergeld. Dit is hoe Ons die oortreders vergeld.

Die betekenis van deel a. van vers 30 is onduidelik en kan ook na die sogenaamde "*Big Bang*" verwys volgens Moslem Teoloë: Allah weet die beste. (Sien Ma'ariful Quran vol 6, p 186-187)

30a. Het die ongelowiges nie gesien dat die hemele en die aarde *eers toe was, en dat Ons dit oopgemaak* het nie?

30b. En Ons het elke lewende ding uit water geskape. Sal hulle steeds nie glo nie?

31. En Ons het berge op die aarde geskape, sodat die aarde stabiel kan wees vir diegene wat daarop lewe, en Ons het daarop bergpasse as deurgange en weë geskape, sodat hulle, hul weg op die aarde kan vind.

32. En Ons het die lug as 'n beskermende dak gemaak: en ten spyte van die wonder daarvan, bly hulle steeds gekant teen die boodskap en bewyse daarvan.

33. En Hy is die Een wat die nag en die dag geskape het, en die son en die maan, elkeen in sy eie sirkelbaan.

34. Verder het Ons nie onsterflikheid aan enige mens gegee nie, selfs voor jou. So, as jy sterf, sal hulle vir ewig lewe?

Alle mense is sterflik

35. Alle lewende wesens op die aarde sal doodgaan. Ons toets almal deur middel van slegte en goeie situasies met toetse en beproewings. En na Ons toe sal julle terugkeer.

36. En wanneer ongelowiges jou sien, dan doen hulle niks anders as om 'n bespotting van jou te maak nie deur te sê: "Is hy die een wat praat van julle gode?"… terwyl hulleself die bestaan van God ontken deur nie eers die Alomgenadige te noem nie.

Die Arabiere het altyd gesê iemand is "gemaak van" 'n sterk karaktertrek wat hy openbaar

37. Die mens is gemaak van haastig-wees en jaag en is van nature baie ongeduldig*: dit is nou maar eenmaal een van die karaktertrekke van die mens. Ek gaan aan jou My boodskap en bewyse wys, so moenie haastig wees om van My af weg te kom nie. (*K17:11)

38. En hulle vra: "As jy die waarheid praat, wanneer sal hierdie belofte vervul word?"

39. As hulle maar kon geweet het wanneer die tyd gaan wees wat hulle nie die vuur van hulle gesigte of rûe af sal kan hou nie, asook nie gehelp sal kan word nie.

40. Dit sal eerder skielik oor hulle kom en hulle heeltemal verwar. En hulle sal nie daartoe in staat wees om dit af te weer nie en sal ook nie uitstel gegee word nie.

41. Die boodskappers voor jou was al bespot. So was diegene wat hulle uitgelag het dan oorval deur dit waarvoor hulle gelag het.

42. Mohammed, sê vir hulle: “Wie gaan jou nag en dag beskerm teen die Alomgenadige?” Maar hulle is eerder gekant daarteen om hulle Skepper, Voorsiener en Onderhouer te erken en te loof en te prys.

43. Of het hulle gode naas Ons wat hulle beskerm? Sulke gode is nie eers instaat daartoe om hulleself te beskerm nie, en Ons laat hulle ook nie toe om hulp te hê om hulle teen Ons te verdedig nie.

Mense word so mislei deur hul lewenskwaliteit dat hulle dink dat hulle op die regte pad moet wees

44. Maar dit is Ons wat die lewensmiddele en luukshede voorsien aan die afgodedienaars en hulle vaders soveel so dat hulle lewens verleng word. Sien hulle dan nie dat Ons geleidelik die land wat hulle besit van die kante af al minder maak nie? En hulle dink dat hulle diegene is wat sal oorwin?

45. Mohammed sê vir hulle: “Ek waarsku julle op 'n baie eenvoudige manier deur middel van openbaring, en die dowes luister nie na die oproep, wanneer hulle gewaarsku word nie.”

46. En wanneer hulle geraak word deur slegs maar ‘n sagte aanraking van jou Skepper, Voorsiener en Onderhouer se straf, dan sal hulle sê: “Arme ons! Ons was voorwaar oortreders.”

47. En Ons sal skale gebruik met die Oordeelsdag om te verseker dat geregtigheid sal geskied. So, niemand sal op enige manier benadeel word nie*. En selfs al weeg enige goeie of slegte daad so min soos ‘n Mostertsaadjie, sal Ons dit na vore bring**. Ja, Ons is heeltemal daartoe instaat om ‘n opname te maak. (*K18:49 & **K4:40)

48. Ons het aan Moses en Aaron die Wet* gegee waarvolgens hulle kon bepaal of iets reg of verkeerd is, ‘n stel kriteria:‘n lig en raad vir diegene wat ‘n heilige ontsag en respek vir Allah het, (*K37:117)

49. vir diegene wat ‘n verwondering het vir hulle Skepper, Voorsiener en Onderhouer, selfs al is Hy onsigbaar, en wat met ontsag en respek uitsien na die Uur van Oordeel.

50. Hierdie Koran is goeie raad en ‘n aanmoediging wat Ons openbaar het. Sal julle dit dan steeds verwerp ten spyte daarvan dat dit so duidelik en die waarheid is?

51. Vroeër het Ons ook aan Abraham sy leiding gegee, en Ons het hom goed geken,

52. toe hy aan sy Pa en sy mense gesê het: “Wat is hierdie beelde waaraan Pa julle so toegewyd is?”

53. Hulle antwoord was: “Ons het die aanbidding van hierdie beelde by ons Pa’s geleer.”

54. Daarop het Abraham gesê: “Waarlik Pa, dit is duidelik dat julle en julle Pa’s fouteer het.”

55. Toe sê hulle vir Abraham: “Het jy na ons toe gekom met die waarheid of is jy een van die wat met ons die spot dryf?”

56. Abraham antwoord toe: “Nee, julle Skepper, Voorsiener en Onderhouer is die Skepper, Voorsiener en Onderhouer van die hemele en die aarde, wat dit geskape het, en ek is een van diegene wat daarvan getuig.

57. En ek sweer: sowaar as Allah, dat ek iets aan julle afgode sal doen net sodra julle, julle rug draai en weg is.

58. Toe het Abraham sy Pa se afgodsbeelde in stukke gekap, behalwe vir die grootse beeld, sodat wanneer hulle terugkom hulle nog die beeld sou vind.

59. By hulle terugkeer, wou hulle toe weet: “Wie het dit aan ons gode gedoen? Hy is voorwaar een van die wat verkeerd doen.”

60. Van hulle vertel toe: “Ons het gehoor dat ‘n jongman hieroor praat. Hulle noem hom Abraham.”

61. Toe sê Abraham se Pa en sy mense: “Bring dan nou die Abraham hier dat al die mense hom kan sien, en kan hoor wat hy te sê het.”

62. Hulle vra toe vir Abraham: “Abraham, is dit jy wat ons gode stukkend geslaan het?”

63. Abraham sê toe: “Dit is hierdie hoof van julle beelde, die grootse een wat nog heel is wat die ander stukkend geslaan het. Vra maar vir hulle self as hulle kan praat.”

64. So het Abraham se Pa en sy mense toe vir mekaar gesê: “Die waarheid is dat julle die oortreders is.”

65. Toe het hulle hul standpunt omtrent hulle eie gode verander en vir Abraham gesê: “Jy het goed geweet dat die beelde nie kan praat nie.”

66. Abraham vra toe vir hulle: “Aanbid julle dan naas Allah iets wat julle nie kan bevoordeel of kan benadeel nie?”

67. Ag nee sies vir julle en vir dit wat julle naas Allah aanbid! Verstaan julle dan nie wat julle doen nie?

68. Die mense kom toe in opstand, maak ‘n klomp brandhout bymekaar en sê vir mekaar: “Mense, as julle iets omtrent Abraham wil doen, verbrand hom en help so julle gode.”

69. Ons het toe gesê: “Vuur, wees koud en spaar vir Abraham.”

70. Hulle het beplan om Abraham seer leed aan te doen, maar Ons het van hulle die slegste verloorders gemaak.

71. En Ons het hom en Lot gered en hulle na die land gebring wat Ons gesê het vir al die wêrelde.

Abraham geseën met Isak en Jakob

72. Verder het Ons vir Abraham geseën met Isak en Jakob as geskenke: en ons het beide van hulle goeie gehoorsame mense gemaak.

73. En Ons het van hulle leiers en navolgenswaardige voorbeelde gemaak wat die volk op Ons bevel gelei het, en Ons het hulle geïnspireer om goed te doen en om die Aanbidding in te stel en om Armebelasting te betaal. En Ons alleen, het hulle aanbid en gedien.

Lot

74. Wat Lot betref, het Ons aan hom wysheid en kennis gegee en hom gered uit die dorp wat vuil dinge gedoen het. Hulle was voorwaar die mense uit die bose, die sondaars.

75. En Ons het vir Lot in Ons genade toegelaat. Hy was inderdaad een van die goeie gehoorsame mense.

Noag

76. En moet ook nie vir Noag vergeet nie, en hoe hy destyds om hulp geroep het, en Ons gereageer het deur hom en sy familie te red van die verskriklike pyn en lyding,

77. en hom gehelp het teen die mense wat Ons boodskap belieg en belaster het. Hulle was voorwaar bose mense, en het Ons hulle daarom almal verdrink.

Aan Dawid het Allah die yster en berge onderwerp en aan Salomo die natuur en “geesteswêreld”

78. Moet ook nie vir Dawid en Salomo vergeet nie, toe hulle moes regspreek insake die saailand waarin die bokke van sekere mense sonder toestemming gewei het: Ons het gesien wat hulle beslissing was.

79. Ons het toe vir Salomo instaat gestel om die situasie te verstaan. En aan elkeen van hulle het Ons wysheid en kennis gegee. En Ons het aan die berge en die voëls* opdrag gegee om saam met Dawid die reinheid, lof en eer van Allah te besing. Ons was die Een wat dit gedoen het. (*K34:10 & K17:44)

80. Ons het ook vir hom geleer hoe om vir julle gevegsuitrustings van yster te maak*, om julle in gevegte te beskerm. So is julle dankbaar? (*K34:11)

81. Aan Salomo het Ons ook die woeste winde onderwerp wat op sy bevel waai oor die land wat Ons geseën het. Ons was die Een wat alles geweet het.

82. En van die duiwels het Ons aan hom onderdanig gestel die wat vir hom in die water geduik het om vir hom pêrels en ander juwele uit te duik en ook ander take vir hom verrig het*. En Ons was die Een wat oor hulle wag gehou het sodat hulle hom geen skade sou aandoen nie. (*K34:13)

Job

83. Ja en onthou vir Job toe hy uitgeroep het na sy Skepper, Voorsiener en Onderhouer: “Hier is ek, in pyn en lyding en U is die Genadigste van almal wat genadig is.”

84. So, Ons het sy gebed verhoor en al sy pyn weggeneem, en aan hom sy familie en ander soos wat hy gehad het, uit Onsself as ‘n genade teruggegee, en as ‘n les vir die aanbidders.

Ismael, Henog en Esegiël

85. Onthou ook vir Ismael Henog en Esegiël. Al drie van hulle was onder diegene wat geduld aan die dag gelê het.

86. En Ons het hulle in Ons genade opgeneem. Waarlik, hulle was van die goeie gehoorsame mense.

Jona

87. En dan is daar ook die 'Visman', dis nou Jona wat woedend vir sy volk, van sy verantwoordelikhede af weggestap het en gedink het dat Ons hom nooit daarvoor verantwoordelik sou hou nie. Dit was hy wat na Ons geroep het vanuit die donker dieptes: “Daar is geen ander god as U nie. Ek het inderdaad fouteer.”

88. So het Ons op sy geroep gereageer en hom uit sy nood gered. En dit is hoe Ons die gelowiges gered het.

Sagaria

89. Onthou vir Sagaria toe hy na Sy Skepper, Voorsiener en Onderhouer geroep het: “O my Skepper, Voorsiener en Onderhouer moenie my net so alleen sonder ‘n seun en erfgenaam los nie: alhoewel U die beste erfgenaam van almal is, sal ek tog ‘n erfgenaam van my eie wil hê.”

90. So het Ons ook op sy gebed reageer en aan hom Johannes gegee deurdat Ons sy vrou genees het sodat sy swanger kon raak. Hy en sy vrou het hulle bes probeer om altyd goed te doen en met hoop en ‘n heilige ontsag en respek, wanneer dit goed gaan en wanneer dit sleg gaan, na Ons geroep: en hulle was nederig teenoor Ons.

Maria

91. En dan is daar ook die vrou Maria, wat haar geslagsdele mooi opgepas het en haar kuisheid bewaar en haar eie behoeftes beheer het. So het Ons deur Ons Gees, lewe in haar ingeblaas en haar swanger gemaak met Jesus, en haar en haar seun ‘n boodskap en bewys vir al die wêrelde gemaak.

Die Moslemgemeenskap is een Broederskap met Een God

92. Waarlik, die gemeenskap en gemeente van jou Geloof, jou Godsdiens: Islam, is ‘n enkele broederskap van Gelowiges, en Ek is julle Skepper, Voorsiener en Onderhouer: so, dien en aanbid My.

‘n Verdeelde gemeenskap moet verenig

93. In die verlede het die mensdom verdeeld geraak in verskillende groeperings omdat sommige hulle Boodskappers nagevolg het en ander nie. Hulle sal egter nou almal na Ons toe moet terugkeer.

Allah hou rekord van Gelowiges se goeie dade

94. So, die een wat goeie dinge doen terwyl hy ‘n gelowige is, sy poging sal nie verwerp word nie maar Ons sal rekord daarvan hou. (K18:30)

Die ongelowiges sal hulle nalatigheid in hierdie lewe tydens die Oordeelsdag berou!

95. Die mense van die dorpe wat Ons vernietig het is verbied om terug te keer na daardie dorpe toe,

96. totdat die Gog en die Magog vrygelaat word, en hulle vinnig teen elke hoogte op gelowiges sal afstorm,

97. en die Ware Belofte, die Oordeelsdag kom nader, wanneer die oë van die ongelowiges in angs en vrees vasgenael sal wees op dit wat hulle sien en beleef en hulle sal sê: “Arme ons! Ons was nalatig ten opsigte van wat nou hier gebeur, as ons eerder aandag geskenk het aan die waarskuwings: ons het voorwaar verkeerd opgetree.”

Die Hel is vir die afgodedienaars met die verskriklikste gekerm en gehuil

98. Julle, inwoners van Mekka, die afgodedienaars onder die Koreisj en diegene wat afgode dien en aanbid is saam met dit wat julle buiten Allah dien en aanbid, verseker die brandstof van die Hel. Dit is julle bestemming.

99. Indien julle en julle afgode wat julle naas Allah dien en aanbid waarlik gode was, sou julle nie Hel toe gegaan het nie. Maar nou sal hulle vir ewig daar moet bly.

100. In die Hel sal hulle sug en huil maar daar sal niemand wees om hulle te hoor nie.

Maar die gelowiges sal nie eers ‘n geluidjie uit die Hel hoor nie en net vreugde ervaar

101. Maar diegene aan wie Ons vroeër die goeie nuus van Ons genade en die goeie gevolge* daarvan oorgedra het, sal verseker vêr van die Hel af weggehou word. (*K10:26 & K55:60)

102. Die Gelowiges sal nie die geringste geluid uit die Hel hoor nie, maar hulle sal vir ewig bly in dit wat hulle vir hulleself begeer en wil hê.

Die wonderlikste belofte!

103. Hulle sal nie in die minste ontstel word deur die Grootste Paniek denkbaar, tydens die Oordeelsdag nie, maar die engele sal hulle groet met die woorde: “Hierdie is julle dag: die dag wat julle belowe was,”…

104. …daardie Dag, wanneer Ons die hemelruim sal oprol soos wat ‘n boekrol, dit wat daarin geskryf is, oprol. Net soos wat Ons die eerste skepping laat ontstaan het, so sal Ons dit weer terugbring: ‘n belofte wat Ons gemaak het en waartoe Ons verbind is. Ons gaan dit verseker doen.

105. Ons het in die Bybel met die Wet, Evangelie, en Psalms asook in die Koran, na aanleiding van dit wat in die Meesterkopie daarvan, by Allah is, geskryf dat My goeie gehoorsame diensknegte die Paradys sal erf.

106. In die Koran is daar verseker ‘n boodskap vir diegene wat Allah dien en aanbid.

107. Mohammed, en Ons het jou om geen ander rede gestuur nie, as dat jy ‘n genade vir al die wêrelde sal wees.

108. Mohammed sê vir hulle: “Wat aan my geopenbaar is, behels eenvoudig net dat julle God, Een God, is. So, gaan julle, julleself aan Hom onderwerp?”

109. Maar as hulle, hul rug daarop draai, en dit ignoreer, sê dan vir hulle: “Kyk, ek het alles wat ek weet met julle almal gedeel, so nou weet julle net soveel soos ek, en ek weet nie of die Oordeelsdag waaroor ek julle waarsku naby is of nog vêr, nie. (K8:58 & K10:41)

110. En hou net in gedagte, Allah weet wat openlik gepraat word en Hy weet wat julle wegsteek.

111. En ek weet nie: maar miskien is die onsekerheid oor wanneer dit gaan plaasvind juis vir julle ‘n toets en ‘n kans om julleself nog vir ‘n bepaalde tyd te geniet.”

112. Toe het Mohammed gesê: “My Skepper, Voorsiener en Onderhouer, U ken die waarheid en U is die beste Een om te oordeel: oordeel U tussen ons en diegene wat nie glo nie. Ons Skepper, Voorsiener en Onderhouer is die Alomgenadige, die Een wie se hulp benodig word teen die verskeidenheid en grade van leuens en verdigsels wat julle voorhou vir die waarheid.”

_____

O my Allah,

Selfs in ons tyd, dalk erger as ooit is die soeke na waarheid een van die moeilikste uitdagings waarvoor ons te staan kom: as U ons nie help nie, bly dit ‘n onmoontlikheid, soos U wil.

Maar dankie ook dat die Internet ons help om al meer en meer inligting byeen te sien en deur U genade en leiding die regte keuses te maak.

Leer ons wat die waarheid is en skenk ons U lig: die lig wat alle leuens openbaar en ons oë open sodat ons kan sien.

Amen